Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 89
Maart 2019

Jesaja 41:13 "***Ek*** **is die Here jou God.** ***Ek*** **vat jou hand.** **Ek sê vir jou: moenie bang wees nie.** **EK help jou."**

Hierdie is die teksvers wat ek en Johannes 9 jaar gelede, net na die aaklige ongeluk uit ons koppe geleer het. Tot vandag toe is dit ons ankerteksvers. Wanneer dit sleg gaan, maar ook, met dank, wanneer dit goed gaan.

"Don't let the fear of losing be greater than the excitement of winning." – Robert Kiyosaki

Na 9 jaar se intense oefen, klasse, probeer-en-nie-altyd-tref, probeer-en-tref, bid, smeek, prys, vra en harde werk, kan ons net met groot dankbaarheid terugkyk op 'n pad waar die Here elke dag aan die stuur was. Waar Hy ons ryklik geseën het en ons toegevou het met Sy liefde, genade, vreugde en vrede.

Thea-Rita Kluyts het vanjaar weer 'n gedig namens Johannes geskryf. 'n Groot dankie aan haar vir die fyn oplet en moeite waarmee sy die gedig saamgestel het. Haar ondersteuning hierdie 9 jaar is 'n riem onder die hart.

Mag April 'n maand vol vrede en opwinding wees en mag elkeen wat voorbidding doen, geseën word.

Ons diepste dank.
Die Smit-gesin

Foto's Vorderingsverslag 89

Johannes vryf Hein se wilde bos hare



Hein neem Johannes op 'n bierproe

Oefen saam met Philip

Oefen in die gym saam met die studente

In die harnas voordat hy loop by die studente



Johannes – 9 jaar na die ongeluk